

HOE OM 'N DISSIPELSKAP GROEP TE BEGIN

A. JY MOET 'N DOEL HÊ

1. Die vier handleidings vir groepleiers oor dissipelmaking het die volgende doele:

- Om jou te help om self as 'n christen dissipel te groei
- Om jou te help om ander jong Christene te laat groei tot volwasse en funksionerende Christene.
- Om christen groepleiers, werkers en kerkleiers toe te rus en op te lei om te dien, spesifiek in 'n bediening van dissipelmaking.

Waarskuwing: Die inhoud van hierdie leierskapshandleidings maak nie van 'n mens 'n dissipel van Christus nie. Geestelike groei gebeur alleenlik as iemand in die waarheid glo en die waarheid in sy daaglikse lewe beoefen! "God het ons sy Woord gegee, nie om net kennis te vermeerder nie, maar om ons lewens te verander."

2. Die DOTA dissipelskap kursus het die volgende kenmerke:

(1) Die kursus spoor mense aan om deel te neem.

Elkeen in die groep neem deel!

(2) Die kursus is gratis.

Studente het net 'n Bybel, notaboek en pen nodig. Net die groepleier gebruik die handleiding¹.

(3) Die kursus kan aangepas word.

Die groepleier kan die kursus aanpas (nie die materiaal nie) om by sy doel en die behoeftes van sy studente in te pas.

(4) Die kursus is kreatief.

Die studente word aangemoedig om te dink, om eie oortuigings te ontwikkel, om kreatief te wees en om hulle vaardighede te gebruik.

(5) Die kursus is prakties.

Die handleidings leer praktiese metodes en die studente word ook geleer om toe te pas wat hulle geleer het.

(6) Die kursus is oordraagbaar.

Studente wat een van die handleidings voltooi het, gebruik dieselfde handleiding om andere op te lei.

B. MAAK 'N PLAN

1. God.

Wat sê God moet jy doen? Laat God toe om jou in gebed te lei deur die Bybel en die Heilige Gees.

2. Behoeftes.

Wat is die behoeftes van die mense wat jy wil oplei? Neem hulle lewens waar en luister na wat hulle sê.

3. Geleenthede.

Watter geleenthede, moontlikhede, bronne en moeilikhede het jy?

4. Aanpassings.

Watter aanpassing moet jy in jou plan inbou? Hoeveel mense wil jy oplei? Hoe volwasse en bekwaam is elke student? Hoeveel tyd het elke student beskikbaar?

5. Plek.

Kies 'n geskikte tyd en plek om te vergader. Kan al die studente by die vergaderplek uitkom? Is dit 'n plek sonder enige afleidings?

C. WERF TOEGEWYDE MENSE

1. Wurf studente.

(1) Vereiste kenmerk.

Soek biddend vir studente wat beskikbaar is, wat wil leer en wat beloop om trou aanwesig te wees² (2 Timoteus 2:2).

¹ Handleidings is gratis beskikbaar in verskillende tale op die Internet (www.dota.net)

² Soek 'n BeLG = Beskikbaar, Leergierig en Getrouw. ('FAT people' = Faithful, Available and Teachable).

(2) Lig hulle goed in.

Nooi hulle om aan 'n dissipelprogram deel te neem. Lig hulle goed in oor die dissipelprogram.

2. Vra die studente om hulle te verbind tot die volgende 5 standaarde.

(1) Om getrou te wees.

“Ek sal elke kleingroepbyeenkoms bywoon”.

(2) Om voor te berei.

“Ek sal die huiswerkopdrag doen voor ek na die kleingroepbyeenkoms toe kom”.

(3) Om leergierig te wees.

“Ek is gewillig om te leer en toe te pas wat ek leer”.

(4) Om lief te hê.

“Ek sal die ander groeplede help om te groei”.

(5) Om rekenskap af te lê.

“Ek sal my vordering en worstelings in die kleingroep deel”.

Laat die studente daarvoor bid en hulle besluit saam met God maak oor wat hulle wil doen.

D. GEBRUIK DIE VOLGENDE MATERIAAL

1. Die Bybel.

Die Bybel is jou belangrikste *bron* vir onderrig en opleiding. Gebruik altyd die Bybel in jou opleiding.

2. Handleidings.

Gebruik die vier Dota handleidings as *die program* vir jou onderrig en opleiding.

3. Witbord.

Maak gebruik van 'n *witbord*, ens. om te onderrig.

4. Aantekeninge.

Moedig studente aan om so volledig moontlik *aantekeninge te maak*.

5. Internet, Radio en Televisie.

Groepleiers en studente sal baat vind deur gebruik te maak van die radioprogramme³, kompakskywe en *Internet webblaaie*.

E. VERMENIGVULDIG DISSIPELGROEPE

1. Laat studente hulle eie kleingroep begin.

Wanneer jy die onderrig van Dota handleiding 1 (of handleidings 1 en 2, of al 4 handleidings) voltooi het, kan jy die studente aanmoedig om hulle eie dissipelskap groep te begin en om dieselfde Dota materiaal te gebruik. Of vorm spanne van twee studente elk om 'n nuwe dissipelskap groep te begin (Lukas 10:1-2).

2. Handleidings is net vir groepleiers.

Na die voltooiing van een van die handleidings kan die student wat die opleidingskursus vir 'n ander dissipelgroep wil aanbied, 'n kopie van daardie handleiding kry.

3. Gaan voort om hierdie nuwe groepleiers toe te rus.

Gaan voort om hierdie nuwe groepleiers van dissipelgroepe op 'n gereelde basis te ontmoet om geleentheid te skep dat hulle kan vertel hoe dit met hulle as groepleiers gaan, om hulle vrae en probleme te bespreek, om saam vir hulle groepe te bid en om hulle verder op te lei. Alle nuwe groepleiers het 'n mentor of afrigter nodig.

³ Alleen skriftelik bekikbaar in Engels, Chinees, Farsi en Arabies. Vgl. www.dota.net